



IN HIERDIE UITGAWE

- 2** Kry die regte kombinasie – meer oor batetoewysing
- 5** Is die bulmark verby?
- 6** Iets vir almal
- 8** Prestasienuus



Die enigste pasella in die beleggingswêreld is om die kombinasie reg te kry

Anil Thakersee, BD, Old Mutual Effektetrusts

Tien jaar gelede is meer as 80% van al die geld wat in Suid-Afrikaanse effektetrusts belê is, in aandelefondse gehou (d.w.s. effektetrusts wat belê in aandele wat op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs genoteer is).

Vandag lyk die prentjie aansienlik anders. Slegs 31% van die geld word in suiwer aandelefondse belê, terwyl 43% in vasterentefondse en 23% in batetoewysingsfondse belê word. Wat verstommend is, is dat meer as 70% van alle nuwe geld wat na die bedryf vloei in vaste-inkomstefondse en geldmarkfondse belê word. En dit het gebeur toe die meeste van die groei oor die afgelope vier jaar van aandelefondse afkomstig was – die grafiek toon die gemiddelde prestasie van algemene aandelefondse (fondse wat oor verskillende sektore en bedrywe op die JSE belê) met betrekking tot ander fondskategorieë.

Die Suid-Afrikaanse spaarkoers het die afgelope 20 jaar skerp afgeneem. Jongmense is eerder aktiewe verbruikers as spaarders. Gevolglik word die meeste


beleggings nou deur ouer beleggers besit, wat natuurlik 'n meer konserwatiewe beleggingsbenadering volg.

Nog 'n rede waarom beleggers 'n konserwatiewe benadering volg om te besluit waar hulle belê, is die onbestendige aard van aandele – wat vererger is deur verliese wat in die beermark (daalmark) van die vroeë 2000's gely is.


Die geskiedenis toon egter dat verskillende bateklasse oor die kort termyn geneig is om verskillend te presteer van jaar tot jaar. In die middel-negentigerjare was effekte die toppresterders. Aan die begin van die huidige eeu was genoteerde eiendom die voorloper, en meer onlangs was die Alle Aandele-indeks in die gesogte posisie.

Hoewel dit maklik is om "terugskouend" te belê, is die realiteit waarmee ons te kampe het dat niemand volgende jaar se wenner kan voorspel nie. Dis waarom 'n gediversifiseerde portefeulje, met optimale *batetoewysing*, een van die belangrikste beleggingsbesluite is wat u kan neem. Dit verseker

Effektetrustbedryf: Totale Binnelandse Bates: 31 Maart 2007



Effektetrusts: Sektorprestasie oor vier jaar tot einde Maart 2007



Van die Redakteur, Tracy Hennessy, Hoof van Kommunikasie

Bie beleggers wonder of plaaslike aandele nog waarde bied. Wat kan ons vorentoe verwag, na die buitengewone prestasie van die afgelope vier jaar? Lees gerus Johan Strydom se artikel op bladsy 5. Sy gedagtes het my nuuskierigheid geprikkel en ek het my kollega Etienne Venter gevra om die Alle Aandele-indeks se vorige prestasie te ontleed. Hoewel ons weet dat vorige prestasie nie noodwendig 'n aanduiding gee van die toekoms nie, was die resultate nietemin interessant.

Etienne het gekyk na deurlopende opbrengste oor verskillende tydperke van Januarie 1960 tot Maart 2007. Deurlopende opbrengste bereken prestasie vir byvoorbeeld elke 5-jaartydperk, wat een maand op 'n slag aanskuif. Hierdie berekening neem nie koste in ag nie.

Die resultate toon dat u oor alle 1-jaartydperke 'n 21%-kans het om 'n negatiewe opbrengs te behaal. Oor 'n tydperk van 2 jaar daal hierdie kans tot 12%, en oor 'n 5-jaartydperk tot 1%. Oor 9 jaar en langer verminder u kans om 'n negatiewe opbrengs te kry tot 0%.

Dit beklemtoon hoe belangrik beleggingstermyne en doelwitte is, wat bepaal watter fondse u kies. 'n Belegging oor die korter termyn verg 'n fonds met 'n korttermyn-prestasieteiken.

Tot volgende keer... hou wat u het!

Finansieel Gesproke, Old Mutual Effektetrusts, Posbus 207, Kaapstad 8000

Dienssentrum: 0860 234 234, Faks: 0860 220 207, E-pos: unitrusts@oldmutual.com, Internet: www.oldmutualunitrusts.co.za

dat u mettertyd aan 'n verskeidenheid bateklasse blootgestel word.

Wat is batetoewysing?

Sommige beskryf batetoewysing as die "enigste pasella in die beleggingswêreld". Die rede is dat dit, indien dit reg benader word, die waarde van u portefeulje aansienlik kan verhoog en ook u blootstelling aan risiko (d.i. die potensiaal om geld te verloor) bestuur.

Batetoewysing is die verspreiding van u geld tussen verskillende bateklasse met die doel om u finansiële doelwitte teen aanvaarbare risikolakke te verwesenlik.

Studies¹ op pensioen- en effeketrustfondse in die VS het getoon dat blootstelling aan die regte kombinasie van bates 'n groot dryfveer vir groei binne 'n beleggingsportefeulje is. Dit is bevestig deur navorsing wat deur die New York-gesetelde maatskappy Alliance Bernstein Investments gedoen is. Hulle het finansiële adviseurs gevra wat die "enkele grootste fout is wat beleggers begaan". Die meeste het geantwoord dat beleggers "nie genoeg aandag gee aan batetoewysing nie". En 83% van die finansiële adviseurs wat in die opname gepols is, het gesê doeltreffende batetoewysing kon beleggers se verliese met minstens die helfte verminder het tydens die beermark van die vroeë 2000's.

Hoe werk batetoewysing?

Ons het in die grafiek gesien dat aandele, genoteerde eiendom, effekte en kontant geneig is om op verskillende tye te styg of te daal. Die rede hiervoor is dat

verskillende marktoestande bateklasse op verskillende maniere beïnvloed.

Die bestuurders van batetoewysingsfondse benut hierdie verskillende verhoudings (korrelasies) deur op taktiese wyse uiteenlopende bateklasse in een portefeulje te kombineer. Dit verminder die risiko van te veel blootstelling aan 'n enkele bateklas.

Om optimale kombinasies van bateklasse te kies om die beste moontlike risiko/opbrengs-balans te verkry, is nie 'n eenvoudige taak nie. Dit verg 'n deeglike begrip van hierdie verhoudings asook omvattende marknavorsing.

Terwyl die vraag na veelbateklas-oplossings wêreldwyd toeneem, het Old Mutual 'n reeks batetoewysingsfondse vir sy kliënte ontwikkel. Elke oplossing word aangepas om aan verskillende behoeftes te beantwoord ten opsigte van:

- ▲ Doelwitte (d.i. inkomste of groei)
- ▲ Tydraamwerke (d.i. kort termyn of lang termyn)
- ▲ Risiko-aptit (d.i. lae risiko of hoë risiko)

Lees op bladsy 6 meer oor hierdie fondse en hoe hulle bestuur word. U kan ook lees oor die nuwe toevoeging tot ons reeks batetoewysingsfondse, die **Stable Growth Fund**.

Onthou om, wanneer u beleggingsbesluite neem, 'n opgeleide professionele persoon te raadpleeg. 'n Finansiële adviseur kan u help om die mees geskikte beleggings vir u huidige (en toekomstige) behoeftes te kies.

¹ "Determinants of Portfolio Performance" (1986) en "Determinants of Portfolio Performance II: An Update" (1991), Brinson et al. "Does Asset Allocation Policy Explain 40, 90, or 100 Percent of Performance?" Roger Ibbotson en Paul Kaplan (2000).

Geen bateklas is elke jaar die toppresteerder nie (jaarlikse prestasie tot einde Junie)

Junie 1999	Junie 2000	Junie 2001	Junie 2002	Junie 2003	Junie 2004	Junie 2005	Junie 2006	Junie 2007
SA Vaste Eiendom 26.7%	Buitelandse Aandele 28.9%	SA Vaste Eiendom 31.8%	SA Aandele 10.5%	SA Vaste Eiendom 30.1%	SA Aandele 29.4%	SA Vaste Eiendom 52.8%	SA Aandele 43.2%	SA Vaste Eiendom 43.0%
SA Kontant 18.4%	SA Vaste Eiendom 25.2%	SA Effekte 29.6%	Buitelandse Aandele 10.0%	SA Effekte 23.6%	SA Vaste Eiendom 15.9%	SA Aandele 45.9%	Buitelandse Aandele 23.7%	SA Aandele 39.1%
SA Effekte 16.8%	SA Effekte 19.2%	Gediversifiseerde 16.2%	SA Kontant 9.8%	SA Kontant 12.8%	Gediversifiseerde 12.1%	Gediversifiseerde 28.2%	SA Vaste Eiendom 23.5%	Gediversifiseerde 24.3%
Buitelandse Aandele 16.0%	Gediversifiseerde 17.9%	SA Aandele 12.5%	Gediversifiseerde 8.9%	SA VPI 6.7%	SA Kontant 9.2%	SA Effekte 19.0%	Gediversifiseerde 20.2%	Buitelandse Aandele 23.8%
Gediversifiseerde 15.5%	SA Kontant 11.6%	SA Kontant 10.4%	SA VPI 8.0%	Gediversifiseerde 6.2%	SA Effekte 5.1%	Buitelandse Aandele 16.0%	SA Kontant 6.8%	SA Kontant 8.3%
SA VPI 7.3%	SA VPI 5.1%	SA VPI 6.4%	SA Vaste Eiendom 7.4%	SA Aandele -8.1%	SA VPI 1.2%	SA Kontant 7.3%	SA VPI 4.9%	SA Effekte 7.5%
SA Aandele -0.2%	SA Aandele 4.7%	Buitelandse Aandele -3.1%	SA Effekte 6.8%	Buitelandse Aandele -27.5%	Buitelandse Aandele 1.1%	SA VPI 2.8%	SA Effekte 3.9%	SA VPI 6.1%

Gediversifiseerde portefeulje: Gelyke gewig in kontant, effekte, eiendom, aandele en wêreldaandele.
Bron: MorningStar

Portefeuljeherbalansering

'n Groot voordeel van batetoewysingsfondse is dat die herbalansering van u portefeulje vir u gedoen word. Namate een bateklas beter vaar as ander, kan u portefeulje mettertyd skeefgetrek word deur 'n groter gewig in daardie bateklas. Met 'n aktiewe batetoewysingspan wat u geld bestuur, word die herbalansering namens u gedoen – wat verseker dat die diversifikasie op u risiko/opbrengs-behoeftes oor die langer termyn toegespits bly.

Die risiko van onkunde

Risiko: n - moontlikheid van verlies.

Belegging gaan altyd met risiko's gepaard. 'n Fonds se risikogradering dui aan in watter mate die fondswaarde oor die kort termyn sal wissel.

Om die risiko's verbonde aan ons verskillende fondse beter te verstaan, het Old Mutual 'n graderingstelsel op 'n skaal van 1 tot 5 ontwikkel. Hierdie graderings weerspieël die moontlikheid dat 'n fonds se waarde oor die kort termyn kan daal as gevolg van veranderings in markfaktore. Die graderings neem nie inflasierisiko (kapitaaldepresiasië met verloop van tyd) of valutarisiko in ag nie.

Deur historiese bateklasprestasie as riglyn te gebruik, word elke fonds se risikogradering deur sy mandaat (waar en hoe dit belê) en sy maatstaf (die prestasiekriteria waarmee dit gemeet word) bepaal.

Risikogradering 1 (Konservatief)

Hierdie laerisiko-fondse poog om u geld teen kapitaalverlies te beskerm en 'n bestendige inkomstestroom te lewer. Groeipotensiaal is minimaal en daar is geen beskerming teen inflasie nie.

Risikogradering 2 (Matig Konservatief)

Die hoofdoel van hierdie fondse is om bestendige inkomstebetalinge (uitkerings) te lewer, met 'n bietjie kapitaalgroei (wat beskerming teen inflasie verleen). 'n Hoër blootstelling aan effekte, of 'n matige blootstelling aan aandele, kan onbestendigheid verhoog (kapitaalverlies is dus moontlik).

Risikogradering 3 (Matig)

Hierdie fondse poog om beide 'n matige inkomstestroom en langtermyn-kapitaalgroei bo inflasie te lewer. Die hoër aandele- en/of effektelooftelling verhoog die potensiaal vir onbestendigheid oor die kort termyn (en dus kapitaalverlies).

Risikogradering 4 (Matig Aggressief)

Hierdie hoërisiko-fondse streef langtermyn-kapitaalgroei bo inflasie na. As gevolg van hul groter blootstelling aan aandele kan hierdie fondse hoër vlakke van onbestendigheid oor die kort termyn ondervind, wat dus die moontlikheid van kapitaalverlies insluit. Hierdie risiko word bestuur deur u geld oor verskillende sektore van die aandelemarkte te versprei.

Risikogradering 5 (Aggressief)

Dit is nisfondse met 'n hoë risikoprofiel, en met gekonsentreerde aandeleportefeuljes. Hulle probeer aktief om groei binne 'n enkele sektor of 'n paar aandele te verkry. Hierdie hoë groeipotensiaal oor die kort termyn gaan met hoë vlakke van kapitaalbestendigheid (en dus die moontlikheid van kapitaalverlies) gepaard.

Hoe langer u beleggingshorison (termyn) is, hoe groter korttermyn-risiko kan u gewoonlik aangaan. Dit is omdat korttermyn-markskommeling 'n beter kans het om oor die langer termyn uitgestryk te word.

Blaai na bladsy 8 vir elke fonds se risikogradering.

Buitelandse beleggings nog sinvol oor die lang termyn

B baie beleggers vrees dat die "regte" tyd om in die buiteland te belê verby is. Om egter 'n deel van u portefeulje in die buiteland te hou, is met die rand op R7,50/USD net so waardevol soos op R6,00/USD.

'n Buitelandse belegging verminder portefeuljerisiko deur geografiese diversifikasie, en verlaag terselfdertyd ontlukende mark- en valutarisiko's. Dit bied ook blootstelling aan maatskappye of industrieë wat nie in die plaaslike mark beskikbaar is nie.

Effektetrustbateruifondse bied 'n maklike manier om toegang te kry tot buitelandse beleggingsgeleenthede. Hulle is ideaal as u kleiner bedraë wil belê of opsien teen die papierwerk wat nodig is om aan valutabeheerregulasies te voldoen. Hierdie fondse bied ook bykomende buitelandse beleggingsblootstelling vir beleggers wat meen dat hulle 'n groter toewysing as die toegelate R2 miljoen nodig het om regstreeks in die buiteland te belê.

Soos enige ander belegging, hou buitelandse beleggings ook risiko's in. Beleggers moet met oorleg die toepaslikste buitelandse opsie kies, met die hulp van hul finansiële adviseur. Ons reeks bateruifondse word bestuur deur Old Mutual Batebestuurders (VK), deel van die Old Mutual Groep en 'n bekroonde multi-boetiekonderneming:

Old Mutual Global Equity Fund bied toegang tot wêreldaandelemarkte deur 'n breë blootstelling aan kwaliteitaandele regoor die wêreld. Die fonds poog om voortreflike opbrengste oor die medium tot langer termyn te lewer deur land- en sektorblootstelling aktief te bestuur.

Old Mutual International Growth Fund of Funds bied 'n gediversifiseerde portefeulje wat uit internasionale aandele-, effekte- en geldmarkeffektetrusts bestaan. Aandele bly die grootste fokus, terwyl geleenthede in die effekte- en geldmarkte gesoek word om voordeel te trek uit veranderende ekonomiese en marktoestande.

Old Mutual Global Bond Feeder Fund poog om 'n kombinasie van kapitaalgroei en inkomste oor die medium tot lang termyn te lewer. Hierdie aktief bestuurde fonds besit 'n gediversifiseerde portefeulje rentedraende beleggings uit effektemarkte regoor die wêreld.

Old Mutual UK Money Market Feeder Fund poog om u kapitaal te beskerm en terselfdertyd hoë inkomstevlakke te bied. Die fonds se portefeulje bestaan uit verskillende VK deposito's en korttermyn-geldmarkinstrumente. Dit is 'n meer konservatiewe fonds wat ten tyde van onstuimigheid in aandelemarkte as 'n veilige hawe gebruik kan word.



En as die bul dood is – wat dan?

Deur Johan Strydom, fondsbestuurder van Old Mutual Investors' Fund en medehoof van OMIGSA se Kernbeleggingspan.

Die FTSE/JSE Alle Aandele-indeks het 'n rekordvlak van 29 510 bereik op 20 Junie 2007 (vir die verslagtydperk tot einde Junie 2007). Desondanks bly die markte onbestendig, en verskeie kommentators meen die plaaslike aandelemark raak nou duur.

Moet beleggers bekommerd wees?

Aandelebeleggers is die afgelope vier jaar met buitengewone opbrengste beloon – die Alle Aandele-indeks het tot einde Junie 2007 'n opbrengs van 39.6% p.j. gelewer. In die eerste ses maande van vanjaar alleen het die indeks 15.1% gelewer en in hierdie tyd nuwe historiese hoogtepunte bereik. Dit sou egter onrealisties wees om vorentoe soortgelyke groeivlakke te verwag. Kommer oor inflasie bo die Reserwebank se teikenband van 3% tot 6% en hoër rentekoerse het bygedra tot die JSE se groter onbestendigheid in Junie.

Ons siening is steeds dat aandele, teen die agtergrond van volgehoue sterk reële verdienstegroei wat deur strukturele verandering in die plaaslike ekonomie gedryf word, die toppresterende aandeleklas in 2007 sal wees, al is dit op laer nominale vlakke. Oor die langer termyn bly aandele die voorkeurbateklas om die koopkrag van u geld te verhoog (d.w.s. om reële groei of groei bo inflasie te behaal).

Wat moet langtermynbeleggers dus in gedagte hou wanneer hulle in 'n mark belê wat oor die kort termyn buitengewone prestasie gelewer het?


Vergeet van die mark...

As u met die oog op die lang termyn belê, moenie in die versoeking kom om onvanpaste "mikrobestuur" op u geldsake te probeer toepas nie. Daar is 'n maklike manier om geld te maak uit die mark: belê oor die lang termyn, en begin so vroeg as moontlik. Dit sal u in staat stel om die potensiaal van een van die grootste kragte in die heelal te benut: die krag van saamgestelde groei. Deur groei te verkry op groei wat reeds in 'n vorige tydperk behaal is, laat u regtig u geld vir u werk.

Voorbeeld: Belegger A belê R250 per maand vir 10 jaar teen 'n illustratiewe jaarlikse groeikoers van 10%. Aan die einde van die 10-jaarbeleggingstermyn sou hierdie belegger R50 364 opgehoop het. Daarenteen wag Belegger B nog 5 jaar voordat hy belê, maar belê dan dubbel die bedrag, naamlik R500 per maand. Hierdie belegger se belegging is na 5 jaar net R38 586 werd – aansienlik minder, ondanks die feit dat albei beleggers altesaam R30 000 elk belê het. Belegger A het meer geld opgehoop omdat sy geld tyd gehad het om te groei.

Now 'n voordeel van gereeld belê is dat u nie te

Die krag van saamgestelde groei



bekommerd hoef te wees oor markskommeling oor die kort termyn nie. Oordeelkundige beleggers gaan voort om selfs tydens markdalings te belê, in die wete dat hoe goedkoper aandele word, hoe groter is die koopgeleenthede en die wins wat verkry kan word wanneer die mark herstel.


... maar bly in die mark

Om tydsberekening op die mark te probeer toepas, is 'n vrugtelose poging wat beleggers boonop geld kan kos. En tog is dit presies wat baie beleggers probeer doen, soos die voorbeeld hieronder illustreer. As dit skeefloop, betaal die belegger 'n hoë prys.

Kyk net wat sou gebeur met 'n belegging van R10 000 in die Investors' Fund oor die afgelope vyf jaar, indien die belegger die 10 beste prestasiedae misgeloop het as gevolg van omskakeling en die toepassing van marktydsberekening. Dit sou 'n verlies van 7% (R8 467) van die eindwaarde beteken het.

As die belegger tydens hoogte- en laagtepunte deurgaans in die mark gebly het oor die vyf jaar, sou hy 'n ruim opbrengs van 27% p.j. verdien het.

Tyd in die Mark, nie Marktydsberekening nie



Beteken dit die einde van die bulmark is in sig?

Wie weet, maar solank u oor die lang termyn belê, maak die korttermynskommeling van die mark eintlik nie saak nie.

Die inkopiesentrum vir belegging

Batetoewysing gaan oor belegging in verskillende plaaslike en internasionale bateklasse in 'n poging om kapitaalgroei sonder onnodige blootstelling aan risiko te maksimeer. As die gedagte aan hoe om dít reg te kry u slapelose nagte gee, lees hoe een van die mees ervare batetoewysingspanne in die land u kan help.

Old Mutual Investment Group (SA) (OMIGSA) bestaan uit 12 gespesialiseerde beleggingsboetieks, elk met hul besondere spesialisgebied. Hierdie artikel fokus op die **Makrostrategie-beleggingsboetiek** en die fondse wat hulle bestuur.

Die Makrostrategie-beleggingspan, met Peter Brooke aan die hoof, bestuur 'n reeks batetoewysingseffektetrustfondse. Hierdie uiters bekwame span, met altesaam meer as 80 jaar beleggingsondervinding, word verder ondersteun deur OMIGSA se omvattende beleggingsnavorsingsvermoëns en wêreldgehalte infrastruktuur.

Die span volg 'n gedissiplineerde beleggingsproses en skuif u geld aktief tussen en binne bateklasse om voordeel te trek uit veranderende marktoestande.

"Ons gebruik bewese kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes om die makro- of breë dryfvere van prestasie in elke bateklas te verstaan," sê Peter Brooke. "Ons

stel dan hierdie beleggingsportefeuljes saam op grond van die absolute en relatiewe langtermynwaardes van elke bateklas."

Die Inkopiesentrum

Ons hou almal van die gerief wat inkopiesentrums bied – alles wat u nodig het onder een dak. Die fondse wat deur die Makrostrategie-beleggingsboetiek bestuur word, is baie dieselfde... 'n reeks effektetrustfondse wat aan u veranderende behoeftes voldoen.

Die meeste beleggers het heeltemal verskillende behoeftes in verskillende fases van hul lewe, en dit bepaal dikwels waar hulle hul geld belê.

- ▲ 30-plussers sal byvoorbeeld hoofsaaklik op maksimum beleggingsgroei fokus, en nie eintlik inkomsteskeppende beleggings oorweeg nie.
- ▲ Beleggers in hul middel- tot laat-40's het net 'n bietjie meer as 'n dekade oor voor aftrede. Hulle sal nog steeds op kapitaalgroei toegespits wees, maar meer op risiko ingestel wees as vroeër.
- ▲ Wanneer beleggers hul 60's nader, verander hul prioriteite. Hoewel kapitaalgroei nog nodig is (om te sorg dat die belegging lewenslank hou), word kapitaalbewaring en inkomsteskepping belangriker oorwegings.

MAKROSTRATEGIE-SPAN

Peter Brooke



Adrian Allardice



Denzil Burger



Urvesh Desai



Batetoewysingsproses



Graham Tucker



Warren van der Westhuizen



Fazlin Viljoen



Rian le Roux

Kwantitatiewe Navorsingspan

Hoof van Ekonomiese Navorsingspan



▲ Namate die belegger verder in die aftreejare inbeweeg, verskuif die fokus na 'n gereelde en betroubare inkomste. Op hierdie stadium is dit uiters belangrik om 'n belegging te kry wat u inkomste en u kapitaal minstens in ooreenstemming met inflasie laat groei.

Old Mutual se reeks batetoewysingsfondse maak voorsiening vir hierdie lewensfasies. U persoonlike omstandighede sal egter u risikoprofiel, beleggingsdoelwitte en tydraamwerk bepaal. Dit is belangrik dat u in oorleg met 'n finansiële adviseur besluit watter oplossing vir u die geskikste is.

Nuwe fondse op 1 Julie 2007 bekend gestel

Ons is bly om 'n nuwe toevoeging tot ons reeks multi-bateklasfondse aan te kondig. Die **Old Mutual Stable Growth Fund** is 'n konserwatiewe effekte-trustfonds wat geskik is vir afgetrede of risiko-sku beleggers. Dit streef 'n opbrengs bo inflasie na, en probeer terselfdertyd die risiko van kapitaalverlies oor 18 maande tot die minimum beperk.

OLD MUTUAL SE REEKS BATETOEWYSINGSOPLOSSINGS

Fondse	Batetoewysing	Kliëntebehoefte	Prestasie-teiken	Opbrengs-projeksie**	Risikoteiken#
Old Mutual Real Income Fund	Effekte en kontant, met 'n toegelate gekombineerde maksimum van 35% van die fondswaarde in genoteerde eiendom en aandele. Geen buitelandse blootstelling nie.	Die fondse probeer 'n gereelde inkomstestroom en 'n mate van kapitaalgroei lewer – wat albei in ooreenstemming met inflasie toeneem.*	VPIX + 3% per jaar	7.4% per jaar	Kan korttermyn-onbestendigheid ondervind, maar is minder riskant as die meeste batetoewysingsfondse. Risikogradering: 2
Old Mutual Stable Growth Fund	Effekte en kontant, met 'n maksimum van 40% in aandele en tot 15% in genoteerde eiendom. 15% mag in die buiteland gehou word.	Die fondse se hoofdoel is om matige kapitaalgroei en bestendige inkomstebetalinge te lewer.*	VPIX + 4% (voor aftrekking van fooie) oor deurlopende 3-jaartyd-perke	5.8% per jaar	Probeer kapitaalverliese oor deurlopende 18-maandetydperke tot die minimum beperk. Risikogradering: 2
Old Mutual Balanced Fund	Aandele, effekte, eiendom en kontant. Het 'n sydigheid vir aandele (maksimum 75% van die fondswaarde). 15% mag in die buiteland gehou word.	Hierdie gebalanseerde portefeulje fokus eerder op langtermyn-groei as op inkomste.*	VPIX + 5% oor deurlopende 3-jaartydperke	4% per jaar	Sal korttermyn-onbestendigheid ondervind, maar is minder riskant as 'n veelsydige fondse. Risikogradering: 3
Old Mutual Flexible Fund	Aandele, effekte, eiendom en kontant. Die fondse probeer totale opbrengste maksimeer, met 'n sydigheid vir groeibates. 15% mag in die buiteland gehou word.	Hierdie meer aggressief bestuurde batetoewysingsportefeulje streef hoë groei oor die lang termyn na.	VPIX + 7% per jaar	3% per jaar	Sal korttermyn-onbestendigheid ondervind, maar moontlik minder as in 'n suiwer aandelefondse (omdat dit by diversifikasie oor bateklasse baat vind). Risikogradering: 4

* Die fondse is geskik vir aftreespaarfondse omdat hul portefeuljes voldoen aan wetgewing wat aftreefondse beheer.
 ** Die opbrengsprojeksies berus op elke fondse se huidige batetoewysing en ramings van die opbrengste op bateklasse oor die volgende jaar. Dit gee u 'n aanduiding van die inkomste wat u waarskynlik in die komende jaar sal ontvang, maar is onderhewig aan veranderings in batetoewysing en markbewegings.
 # Blaai na bladsy 4 vir meer inligting oor risikograderings.

DIENSBROKKIES

Bestuur u portefeulje aanlyn.

Om onderaandeel aanlyn te koop, verkoop of om te skakel, registreer op **My Secure Services** by www.oldmutualunittrusts.co.za.

Verm y posvertraging.

Om korrespondensie van ons per e-pos te ontvang, skakel ons by 0860 234 234 of stuur vir ons e-pos by unitrusts@oldmutual.com. Briewe is in PDF-formaat en nie groter as 70KB nie. U jaarlikse rekeningstate sal nog steeds aan u gepos word, saam met Finansiële Gesproke.

Kry wat u wil hê.



Skakel 0860 234 234 om met ons bekwame Kliëntedienskonsultante te gesels.



Stuur vir ons e-pos by unitrusts@oldmutual.com (ons reageer binne 24 uur).



Skakel 0860 700 000 vir beleggingswaardes, enige tyd van die dag of nag. Hou u rekeningnommer byderhand.

Goed bly maar goed!

Dankie vir u positiewe terugvoer!! Research International ('n onafhanklike navorsingsagentskap) het navorsing gedoen onder kliënte wat ons Dienssentrum in 2006 geskakel het. Oproepers se tevredenheid was meer as 88% – een van die hoogste syfers in die bedryf. Afgesien van die eksterne navorsing, monitor ons ook ons oproepe elke dag. Ons interne stelsel toon dat meer as 86% van alle oproepe binne 20 sekondes beantwoord word, met 'n verlies van minder as 2% van oproepe.



Totsiens Tracy.

Met oproepe na ons Dienssentrum was baie van u gelukkig om deur Tracy Kroukamp gehelp te word. Ongelukkig (vir ons) het Tracy na 'n pos in die Old Mutual Groepbemarkingspan geskuif. Ons is dankbaar vir haar jarelange toewyding. Gelukkig laat sy 'n bekwame, entoesiastiese span konsultante agter. Alles van die beste, Tracy!

Fonds	TOV# (%)	Prestasie p.j. (%)			Risiko-gradering*
		1 jaar	3 jaar	5 jaar	
Balanced	1.2	32.4	33.3	21.6	3
Dynamic Floor	1.7	13.7	18.8	n.v.t.	3
Enhanced Income	1.1	11.7	12.8	n.v.t.	2
Financial Services	1.1	40.6	41.4	27.1	5
Flexible	1.3	38.4	36.1	24.3	4
Four Plus Capital	2.4	10.5	13.4	n.v.t.	3
Four Plus Global	2.3	21.0	25.6	13.0	4
Four Plus Growth	1.9	25.8	28.8	20.5	3
Four Plus Secure	1.8	6.6	6.5	n.v.t.	2
Galaxy Balanced	2.2	25.7	28.9	22.1	3
Galaxy Defensive	1.8	20.8	21.9	19.6	2
Galaxy Equity	1.2	34.2	40.4	24.5	4
Galaxy Fixed Interest	1.2	9.9	9.1	10.5	2
Gilt	0.8	7.0	10.3	11.8	3
Global Bond Feeder	1.4	3.0	8.6	0.0	2
Global Equity - A	2.0	25.3	25.2	8.9	4
Global Technology	2.4	26.1	13.6	3.8	5
Gold	1.1	-1.0	27.3	10.0	5
Growth	1.1	44.6	42.3	31.3	4
High Yield Opportunity	1.4	40.2	40.3	34.8	4
Income	0.8	7.6	8.3	9.8	1
Industrial - A	1.4	42.7	39.7	34.6	5
International Growth	2.7	17.6	18.7	4.2	4
Investors'	1.2	37.4	40.8	27.2	4
Mining & Resources	1.1	39.6	54.3	30.8	5
Money Market	0.5	8.2	7.5	8.9	1
Real Income	1.3	12.1	n.v.t.	n.v.t.	2
SA Quoted Property	1.1	46.3	40.7	n.v.t.	3
Small Companies	1.1	64.9	52.3	41.6	5
Stable Growth	n.v.t.	n.v.t.	n.v.t.	n.v.t.	2
Top 40	0.7	32.2	41.3	22.0	4
Top Companies	1.1	36.2	39.0	28.6	5
UK Money Market	0.5	10.8	10.6	1.1	1
Value	1.1	43.9	41.0	32.1	4
Suid-Afrika VPI		6.4	4.7	4.4	

Bron van alle syfers in die publikasie (tensy anders vermeld): Standard & Poor's Fund Services. Enkelbedragbeleggings tot einde Junie 2007, met uitkerings herbelê, en NBW-NBW pryse is gebruik (d.w.s. aanvangskoste uitgesluit). Old Mutual Effektrusts is deur die JSE Sekuriteitebeurs SA gelisensier om die naam FTSE/JSE Top 40 Indeks te gebruik. # Totale Onkostebeleggings-syfers tot einde Maart 2007. * Lees meer oor hierdie risikograderings op bladsy 4.

© Old Mutual Effektrusts Julie 2007. Finansiële Gesproke is 'n nuusbrief wat as 'n diens aan Old Mutual Effektrusts se beleggers gepubliseer word. Hoewel dit met redelike sorg saamgestel is, aanvaar Old Mutual Effektrusts geen aanspreeklikheid vir enige verlies of skade wat gely, of onkoste wat aangegaan kan word as gevolg van inligting wat in hierdie publikasie vervaar is nie. Geen stelling in hierdie nuusbrief moet beskou word as 'n aanbeveling om 'n spesifieke fonds of produk te koop of verkoop nie. Ons stel voor dat u ons of u finansiële adviseur kontak voordat u enige besluite neem wat op hierdie inligting gegrond is. Indien u bykomende eksemplare van hierdie nuusbrief wil ontvang, skakel asseblief ons Dienssentrum (0860 234 234). This publication is also available in English as Financially Talking. Effektrusts is gewoonlik medium- tot langtermynbeleggings. Die waarde van u onderaandeel kan styg sowel as daal en vorige prestasie is nie 'n aanduiding van toekomstige groei nie. Wisselkoersbewegings of -skommelinge kan meebreng dat die waarde van onderliggende internasionale beleggings styg of daal. Effektrusts kan betrokke wees by die leen en uitleen van skrip. Die fonds se Totale Onkostebelegging (TOV) weerspieël die persentasie van die gemiddelde Netto Batewaarde van die portefeulje wat as koste, heffings en foie aangegaan is met betrekking tot die bestuur van die portefeulje. Gedurende die infaseringstydperk sluit die Totale Onkostebeleggings nie inligting in wat oor 'n volle jaar versamel is nie. 'n Hoër TOV impliseer nie noodwendig 'n swak opbrengs nie, en 'n lae TOV impliseer ook nie 'n goeie opbrengs nie. Die huidige TOV kan nie as 'n aanduiding van toekomstige TOV's beskou word nie. 'n Lys van foie en koste en maksimum kommissie is by die maatskappy/tussenganger verkrygbaar. Die daaglikse prys is gebaseer op die huidige waarde van die fonds se bates plus inkomste (minus uitgawes), gedeel deur die getal uitgereikte onderaandeel. U kan u belegging maklik verkoop teen die heersende prys van die dag (soos bereken om 15h00 op 'n vooruitprysingsgrondslag). Al die nodige dokumente moet voor 15h00 (13h00 vir Geldmarkfonds) ontvang word om op dieselfde dag nog verwerk te word. Spesialisaandelefondse kan 'n groter risiko inhoud, aangesien blootstellingsperke ten opsigte van 'n enkele sekuriteit hoër kan wees. 'n Fonds van fondse-effektrust belê slegs in ander kollektiewe beleggingskemas, wat hul eie koste kan vra. 'n Voerfondsportefeulje is 'n portefeulje wat, afgesien van bates in likiede vorm, uitsluitlik uit onderaandeel van 'n enkele portefeulje van 'n kollektiewe beleggingskema bestaan. Sekere fondse kan tydelik gesluit word om ooreenkomstig hul mandaat bestuur te kan word. Old Mutual Effektrusts is 'n lid van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings, SA.